# HE IS RISEN

## ALGEMENE JAARVERGADERING

*Kruislig*



In Jakobus 5:16 staan dat "DIE VURIGE GEBED VAN 'N REGVERDIGE GROOT KRAG HET". Ons glo dat wanneer ons aanhou bid, getrou dien en konstant die aangesig van die Here soek, Hy ons hoor en die gemeente inlyn met Sy plan hou.

Die opdrag wat die Here voor ons gesit het, was om dissipels van alle nasies te gaan maak, hulle te doop in die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees, maar om hulle ook te leer om alles te onderhou wat Hy ons beveel het. Dit is hoekom ons hartklop by Kruislig is om op 2 aspekte ag te slaan en so Sy opdrag te gehoorsaam. Ons wil Sondag dienste hou wat SOOS altyd net oor Jesus gaan waar die fokus bekering is, en dan mense liefhê deur hulle te leer by Connect groepe 1 aand in die week. Ek glo nie mense word meer Heilig deur 'n vol kerkkalender nie, maar deur waarlik die aangesig van die Here te soek.

Ons wil graag met die mense wat die Here aan ons toevertrou het getrou gevind word en daarom is die AGM vir ons as gemeente 'n groot oomblik. In die gemeente verwys ons gereeld na die woorde "ons tel mense WANT mense tel" en daarom is dit belangrik vir ons om deursigtig rekenskap te gee oor die tiendes wat inkom, die mense wat opteken om deel van connect groepe te wees en seker te maak mense groei in hulle geloof.

Ek bid dat die Here ons as gemeente kragtig gaan gebruik om waarlik ‘n impak in die stad te hê en so elkeen van ons uniek gaan gebruik in Sy plan van heiligmaking. Mag jy dié jaar jou plek vind in een van ons sirkels, want die gemeente groei nie in rye nie, maar sirkels.

Liefde & seën,

André de Jager

# ONS OUDERLINGE



**André & Marite**



**Frans & Tina**

Die plaaslike gemeente is nie ‘n ongedefinieerde massa mense nie; dit is ‘n spesifieke groep mense met ‘n unieke identiteit in God wat na mekaar omsien as geestelike familie, terwyl hulle God eer deur Sy koninkryk te bou. Die gemeente staan onder God se gesag met die uitsluitlike oogmerk om Sy wil uit te voer. God se Woord definieer die gemeente, nie die populêre siening of kulturele relevansie nie.



# Johann & Diana



# Ian & Doreen

Jesus Christus is die hoof van die gemeente, die Bybel is die finale en voldoende gesag, en die ouderlinge is Christus se toesighouers oor Sy kudde, met diakens as dienaars, gedelegeerde gesag binne die gemeente. In Titus 1:7 verwys Paulus na ouderlinge as God se "ringmasters". Na aanleiding hiervan berus die gesag om die plaaslike gemeente te lei en te leer by die veelvoud van ouderlinge – met Christus as die Hoofherder en Sy aangewysde ouderlinge as Sy opsigters.

**Pas julle self op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het.**
**Soos wagters 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God**
**versorg wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun.**
**- Handelinge 20:28**










# ONS BEDIENINGSPAN



# FRANS EN TINA DU TOIT

**Pastoraal & RTC**

Hy wat die goeie werk begin het… sal dit voltooi!

Met die inperkings en sosiale uitdagings, vind ons dit uitdagend om goed gedoen te kry!









Ten spyte van als, wanneer ons terugkyk, sien ons die goeie en mooi verandering wat
plaasgevind het. En so ook by Karlien Park skool. Nadat ons die hele skool oorgeverf het,
is dit 'n vars en nuwe vrolike omgewing.

Die tyd wat ons by NG Suid gehuisves was, was 'n wonderlike ervaring en geleentheid om as
Kruislig-gemeente saam te kon aanbid en worship. Prys die Here en alle eer aan Hom vir waar
ons is en hoe ons Sy voorsiening en teenwoordigheid beleef.



# SANIA BEZUIDENHOUT

## Kinderkerk

In die week wat verby is, het ek 'n prentjie gesien wat ek nie uit my kop kan kry nie. Kom ek deel dit met julle… 'n Jong man het 'n paar geel plakkies aan wat dadelik die aandag trek. Soos hy aangeloop kom, sien ek die woord "create" op die een skoen staan. Soos die ander voet na vore kom terwyl hy loop, lees ek die woord "destroy" oor die skoen geskryf. 'n Konstante battle tussen create en destroy… 'n Prentjie wat ek nooit sal vergeet nie.

Kom ons sit ons beste voet na vore en wees creators soos ons Vader is in wie se beeld ons gemaak is. Hy is immers die Skepper van hemel en aarde en alles wat daarop is. Ons inkluis…

Wat het ons as kinderkerk geskep in 2020 ? Russieklub, wat so by the way weer afskop die 5de Maart. Van nou af sal Russieklub 1 x per maand wees op die eerste Vrydag van elke nuwe maand by die kerkkantore op die hoek van Joubert- en Uniestraat.

Russieklub se doel is om nuwe geleenthede, ondervinding vir ons kinders te skep om hulleself en hul doel te ontdek. Om ons kinders aan te moedig om creators te wees!







Ons kinderkerkuitsendings is ook in hierdie lockdown tydperk geskep. Dit het inisiatief van ons hele span gekos om 'n kinderkerkboodskap elke Sondag aan ons kosbare kinders te lewer.

En laaste, as die kinders nie na ons toe kan kom nie, dan gaan ons na hulle toe.
Tannie Sania kuier by leefgroepe waar daar kinders is, en ons praat oor waaroor die grootmense praat… Jesus!



Kinderkerk begin weer Sondag 7 Maart by Larries. Living Ball kom kuier vir ons op die rugbyveld. Soos elke jaar bring hulle heerlike speletjies om ons kinders te laat connect.

Kom ons create 'n spasie waar kinders net soos ons met geestelike familie kan connect, maar bo alles met God kan connect.
Jesus-liefde
Tannie Sania



# JULIE DU PLOOY

## Jeug

2020 was ‘n jaar van nuwe dinge in Kruislig se tienerbediening/jeugbediening.

Ons hart agter Jeugbediening is om tieners met “sticky faith“ te establish en hulle te dissipel om te kan groei in hulle verhouding met die Here.

Vroeg in die jaar het kerk begin anders lyk a.g.v Covid en alles het aanlyn beweeg. Met die inperkinge moes ons begin anders dink. Ons het Augustus 2020 met Vrydae aande Jeug begin en daar is vaste fondasies vasgemaak. Ons het dissipelskap in ‘n kleiner groep begin implementeer. Met kerk wat weer begin het in Oktober 2020 kon jeugkerk ook weer aangaan.

Ons harte oor wat kerk moet wees het heeltemal verander. Dit het ons gechallenge om anders te dink oor jeugbediening en ons hart vorentoe is om fondasie vas te lê (back to the basics), verhoudings te bou met elke tiener en hulle verhouding met die Here ook te verdiep en te versterk vir wat voorlê, nou en vorentoe.





# HENRO & JANIQUE PRETORIUS

## Tribe

In 'n jaar waar Kerkbyeenkomste nie toegelaat is nie, het ons die voorreg gehad om te sien hoe die kerk steeds aktief funksioneer.

Ek het altyd gewonder hoe Suid-Afrikaanse kerke sou kerk wees in tye wat dit onwettig sal wees om te vergader. Dit is bemoedigend om te kon sien hoe lede van Jesus se liggaam opstaan en kerk wees.



Ons is 'n groep mense wie se identiteit in hul kindskap lê. Dit is ons hart om saam te leef en strewe na díe tipe leefstyl waarna Petrus in 1 Pet 2:9 verwys:

“You are a chosen generation, a royal priesthood, a holy nation, God’s own special people that you may proclaim the praises of Him who called you out of the darkness into His marvellous light.”

Dit is 'n getuienis dat daar tans mense in ons gemeente is wat nog nooit eens een van ons dienste bygewoon het nie.

# JAN & CINDY SWART

### Worhsip Team

We kicked off 2020 with excitement during a large Worship Celebration service early February. Soon thereafter, 2020 became a challenging year for the Worship Ministry due to the limited amount of gatherings during the year as result of the Covid lockdown restrictions (only 29 Sundays of the 52 in the year).



The focus of the worship team is and will always be to lead the congregation into authentic Spirit lead worship where the congregation can engage and experience God in their worship response to Him. We hope and trust that we will be able to do this more in the coming 2021.

The Worship Team currently at the end of 2020 consists of 18 members that forms two teams that alternate worship leading every week. Worship leading each respective week is also alternated between the worship leaders -each worship leader will lead once a month.

## End of 2020

**WORSHIP TEAMS**

**2**

**TEAM MEMBERS**

**18**

**WORSHIP LEADERS**

**4**




God of Glory majesty
Praise forever
to the King of Kings












# PETRONEL & IAN DUVENHAGEN

## Volunteers

2020 was ‘n interessante jaar reg oor die wêreld, ook vir die volunteer bediening.

Eweskielik kon jy nie jou geel ‘dirty shirt’ aantrek en ‘n area kry waar jy altyd volunteer nie. Ons is elkeen in ‘n posissie gesit waar ons moes kies om op ons eie unieke manier te volunteer iewers, hetsy by jou huis, of jou werk as jy dalk ‘n ‘frontline worker’ is.

Toe ons uiteindelik kon terugkom kerk toe was dit soveel moeiliker om iemand met ‘n glimlag te groet en welkom te heet, want almal het so pragtige masker op wat die helfte van jou gesig wegsteek. Ons moes leer om met ons oë te praat en te lag en te groet.

Iets wat ek in die jaar geleer het, is dat Jesus ‘n volunteer hart in elkeen van ons gesit het. Die manier van bedien en omgee lyk verskillend en is nie aan ‘n Sondag kerkdiens gekoppel nie, maar om te bedien iewers waar jy jouself bevind, is Sy hart vir elkeen van ons. En wanneer jy iemand anders bedien, word jou hart defnitief die meeste gebless.







# ACHIM & WILIZE WEST

## Finansies & Engage Team

Wat 'n vooorreg om deel te kon word van Kruislig se span in 2020. My hartklop was nog altyd om mense te vertel van ons Here en hoe Hy mens se lewe verander deur Jesus wat op die kruis vir ons gesterf het!



My mikpunt in Kruislig is om nuwe mense in die gemeente te kan lei tot 'n plek waar hulle hulself kan inskakel in die gemeente en in leefgroepe om daar wortels te kan skiet en familie te ervaar. My hart is ook om mense te vang vir God se Koninryk. My visie in terme van die Kerk se finansies is om dit te boekstaaf met deeglikheid, etiek en eerlikheid.





